

# DIE BOODSKAPPER



## PINKSTERTYD

Na die Paasfees was die Pinksterfees, Shavuot, die tweede grootste fees in Israel. Dit is ook die Fees van die Weke genoem omdat dit sewe weke na die tweede dag van die Paasfees gevier word. Die woord Pentecost (Pinkster) verwys na die vyftig dae tussen Paasfees en Pinksterfees.

Hierdie oesfees was een van die pelgrimsfeeste waartydens al die Joodse mans voor die Here moes verskyn in Jerusalem (Lev. 23:15-16). Dan moes offers vir die Here gebring word uit die eerstelinge van die graanoes uit dankbaarheid dat die Here die oes beskerm het.

Dit is op hierdie feesdag dat die Here God die Heilige Gees uitgestort het oor Sy kerk om die "oes" van mense vir Sy Koninkryk in te samel (Hand. 2).

Gedurende Pinkstertyd kan ons dink aan die wonder van die uitstorting van die Heilige Gees en die volgende onthou:

### 1. Die Here het my nie vergeet nie.

*Ek sal die Vader vra, en Hy sal vir julle 'n ander Voorspraak stuur om vir ewig by julle te wees, naamlik die Gees van die waarheid. Die wêreld kan Hom nie ontvang nie, omdat hulle Hom nie sien en Hom nie ken nie. Maar julle ken Hom, omdat Hy by julle bly en in julle sal wees. Ek sal julle nie as weeskinders agterlaat nie; Ek kom weer na julle toe.*

Joh 14:16-18

### 2. Die Heilige Gees is die "Heregas" in my huis.

*Weet julle nie dat julle die tempel van God is en dat die Gees van God in julle woon nie?*

1 Kor 3:16

### 3. Die Heilige Gees is ons Herskepper. Nutmaker.

*Daarop sê Jesus vir hom: "Dit verseker Ek jou: As iemand nie opnuut gebore word nie, kan hy die koninkryk van God nie sien nie."*

Joh 3:3

*Die wind waai waar hy wil. Jy hoor sy geluid, maar jy weet nie waar hy vandaan kom en waar hy heen gaan nie. So gebeur dit met elkeen wat uit die Gees gebore is." Joh 3:8*

### 4. Die Heilige Gees is ons Beeldbouer en Heiligmaker.

*...as julle julle deur die Gees laat lei, staan julle nie meer onder die wet nie. Die praktyke van die sondige natuur is algemeen bekend: onsedelikheid, onreinheid, losbandigheid, afgodsdienste, towery, vyandskap, haat, naywer, woede, rusies, verdeeldheid, skeuring, afguns, dronkenskap, uitspattigheid en al dergelike dinge. Ek waarsku julle soos ek julle al vroeër gewaarsku het: Wie hom aan sulke dinge skuldig maak, sal nie die koninkryk van God as erfenis verkry nie.*

*Die vrug van die Gees, daarteenoor, is liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, goedhartigheid, getrouheid, nederigheid en selfbeheersing.*

Gal. 5:18-22

### 5. Die Heilige Gees is ons Energeerder en Stuurder.

*Maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judea en in Samaria en tot in die uithoeke van die wêreld." Hand 1:8*

*Daardie Sondagaand was die dissipels bymekaar. Alhoewel die deure gesluit was omdat hulle bang was vir die Jode, het Jesus gekom en tussen hulle gaan staan en vir hulle gesê: "Vrede vir julle!" Nadat Hy dit gesê het, wys Hy sy hande en sy sy vir hulle. Die dissipels was baie bly toe hulle die Here sien. "Vrede vir julle!" sê Hy weer vir hulle. "Soos die Vader My gestuur het, stuur Ek julle ook." Nadat Hy dit gesê het, blaas Hy oor hulle en sê: "Ontvang die Heilige Gees!"*

*As julle vir mense hulle sondes vergewe, word dit hulle deur God vergewe; as julle dit nie vergewe nie, word dit nie deur God vergewe nie."*

Joh 20:19-22

## 6. Die Heilige Gees is ons Gemeentebouer. Hy gee mense met genadegawes aan die kerk.

In 1Kor 12 en in Rom 12 is daar 'n hele lys van genadegawes (charismata) wat die Here aan gelowiges in daardie tyd gegee het.

In Ef 4:11, 12 word nog bygevoeg:

*“En dít is die gawes wat Hy gegee het: apostels, profete, evangeliste, herders en leraars. Sy doel daarmee was om die gelowiges toe te rus vir hulle diens en vir die opbou van die liggaam van Christus”*

Die Here gee vandag nog aan elke gelowige nuwe gawes deur Sy Gees om vandag se kerk en vandag se wêreld te bedien.

Ons is Geesgedrewe gelowiges. Ons is dus begeesterde, begaafde, bemagtigde en toegeruste getuies met 'n Goddelike roeping en gestuurdheid. Ons kan hierdie taak nie uitvoer sonder die Here se hulp nie.

Ds. Theo Janse van Rensburg

# MY PINKSTERGEBED

Gesang 422 is 'n uitstekende gebed wat ons kan bid om die Here te vra om ons te help om ons roeping en getuienaak uit te leef:

**Gees van God wat in my woon,  
breek die Woord vir my.**

**Gees van God wat in my woon,  
kom en heilig my.**

**Troos my, sterk my, leer my, lei my.**

**Gees van God, kom heilig my-  
breek die woord vir my.**

**Gees van God wat lewend maak,  
vul my meer en meer.**

**Gees van God wat lewend maak,  
vorm my tot U eer.**

**Troos my, sterk my, leer my, lei my.**

**Gees van God, vul my al meer-  
Vorm my tot u eer.**

# PINKSTER 2019

Pinkster is 'n seisoen in die kerklike lewe wat ons met baie dinge konnekteer. Pinkster is 'n tyd waarin ons konnekteer met die **Heilige Gees** - die **geheim** van 'n christelike lewe. Die Gees is ons Energieerder, Kapasiteitsbouer, Bekwaammaker, Trooster, Dinamo. Hierdie name beskryf die funksies van die Gees in ons lewe. Almal het te doen met bemagtiging: die vermoë om met krag en energie en oortuiging vir Jesus te volg. Sonder die Gees kan ons dit nie doen nie.

- Daarom is Pinkster **oestyd**: dit het sy wortels in die landbouwêreld waar die eerste vrugte van die seisoen ingebring word. In 'n geloofsgemeenskap is dit 'n tyd om nuwe vrugte vir die Here te bring.
- Pinkster is 'n tyd van **verkwikking**, van vernuwing, van nuwe lewe - die Heilige Gees anker ons in die nuwe lewe wat die opgestane Here vir ons gee.
- Pinkster is 'n tyd van **verdieping** - die Heilige Gees help ons om in ons verhouding met die Here te groei en dieper en sterker te word.

Ons weet dat die Gees se werk in ons nooit afgehandel is nie. Ons is op **reis** - 'n reis waar ons al hoe meer getrou word aan ons identiteit as volgelinge van Jesus en waar ons Jesus al hoe meer getrou volg, Dit is 'n lewenslange reis - 'n reis van **lewenslange innerlike transformasie**. Ja, ons arriveer nooit nie - ons is nooit absoluut volmaak nie. Maar dit gaan nie oor die eindbestemming nie - **dit gaan oor die reis**. En hierdie reis impliseer 'n paar dinge:

- **Visie**: die droom, die doelwit wat jy wil bereik - om Jesus te volg en daarin te groei.
- **Intensie**: die doelbewuste voorneme om jou visie te verwesenlik. Die droom moet geïmplementeer word - anders bly dit 'n droom.
- **Middele**: die bronne en middele en leefstyl wat jy gebruik om gestalte te gee aan jou droom en intensie.

Ons fokus hierdie Pinkster op laasgenoemde - 'n leefstyl van **inoefening** om fiks te bly in ons geloofslwe. Hierdie inoefening is nie 'n oneindige probeer om weer te misluk nie - dit is 'n inoefening om te groei en al beter te raak in 'n bepaalde **leefstyl**. Ons gebruik **geloofsgewoontes** om hierdie leefstyl in te oefen. Ons Pinksterreis hierdie jaar het die tema: **'n Gesonde geloofslwe is om elke dag geloofsgewoontes in te oefen wat ons help om meer en meer soos Jesus te word**. Sien die program op die volgende bladsy.

Om 'n Jesusvolgeling te wees gaan oor die praktiese uitleef van Jesus se teenwoordigheid in ons alledaagse lewe. Die inoefening van so 'n leefstyl deur Geloofsgewoontes te gebruik, is 'n geskenk van die Here aan sy kerk deur die eeue heen, en 'n manier om mekaar te seën. Hierdie Pinkster help ons mekaar om dit in te oefen.

Ek sien jou graag by hierdie pinkstergeleentehede.

Dr. Neels du Randt

# PINKSTER

'N GESONDE GELOOFSLEWE IS OM ELKE DAG GELOOFSGEWOONTES IN TE OEFEN WAT ONS HELP OM MEER EN MEER SOOS JESUS TE WORD

**SONDAG 08:30 & 18:30**  
**MAANDAG - DONDERDAG**  
**19:00**

SONDAG 2 JUNIE | GELOOFSVORMING  
INOEFENING VAN 'N JESUS-LEEFSTYL  
'N LEWENSLANGE REIS VAN INNERLIKE VERNUWING EN GROEI

MAANDAG 3 JUNIE | WANDEL IN DIE WOORD  
DIE KUNS OM GOD SE STEM TE HOOR

DINSDAG 4 JUNIE | LEEF GOD BEWUSTELIK  
DIE KUNS OM ELKE OOMBLIK BEWUSTELIK IN GOD SE TEENWOORDIGHEID  
TE LEEF

WOENSDAG 5 JUNIE | GELOOFSONDERSKEIDING  
DIE KUNS OM ELKE OOMBLIK BELYN TE WEES MET GOD SE WIL IN MY  
ALLEDAAGSE LEWE

DONDERDAG 6 JUNIE | SELFONDERSOEK & BELYDENIS  
DIE KUNS OM GESOND IN VOELING TE WEES MET MY DIEPSTE MENSWEES

# ONTMOET ONS NUWE KERKRAADSLID, NANTES VELDTMAN

**Nantes is die voorsitter van die Diensgroep Finansiële Bestuur.**

Ek is net 'n gewone mens wat die Here aangeneem het nadat 'n sondegskool juffrou aan my verduidelik het wat geloof is. Ek was seker in graad een of twee. Sy het aan my verduidelik wie Jesus is en het vir my gese dat geloof “'n sekere kennis en 'n vaste vertroue” is. Ek is oortuig dat die Heilige Gees op daardie dag in my hart en siel ingesprek het omdat ek nog te klein was om te begryp wat met my gebeur het.

Daarna het ek 'n sterk roeping gehad om deel van die Liggaam van Jesus Christus te wees en funksioneel in die kerk van God te werk.



**Nantes & Esmarie Veldtman**

Op skool, in standaard agt, het ek begin agterkom dat ek 'n sending roeping het, en het Sondagmiddae by die Benoni Wes gemeente in die kerk se motorhuis begin kerk hou vir die huiswerkers in die omgewing. Daar het ek agtergekome dat ek gebrekklik moet wees, ek het sweetkliere gehad waar ander mense nie het nie. Met elke preek het die sweet tussen my bene afgetap omdat ek totaal onbekwaam was op daardie stadium. Ek noem dit egter omdat dit belangrik is om te weet dat God se werkers nie altyd heeltemal bekwaam sal wees nie. Ons is deel van die kerk van Christus waar ons die geleentheid het om mekaar te “coach” en ondersteun en diensbaar te wees.

In 1997 het ek saam met die leraars en Jan Swart op 'n uitreik na Mosambiek gegaan en een nag nadat ek vir ons aandete gemaak het, het ek teen die Landrover se wiel gaan sit en Bybel lees met my koplamp. Ek lees toe uit 3 Johannes 1.

Johannes skryf 'n brief aan Gaius:

*“Van die oudste. Aan Gaius, my vriend, wat ek waarlik liefhet. Liewe Gaius, ek hoop dat jy gesond is en dat dit in alle opsigte so goed gaan met jou as wat dit geestelik met jou gaan. Ek was baie bly toe hier medegelowiges kom en van jou trou aan die waarheid vertel, hoe jy in die waarheid lewe. Niks verskaf my groter vreugde nie as om te hoor dat my kinders in die waarheid lewe. Liewe Gaius, jy handel reg in wat jy vir jou medegelowiges doen, en dit nog terwyl jy hulle nie eens geken het nie. Hulle het hier voor die gemeente vertel van jou liefde. Help hulle asseblief vir hulle verdere reis op 'n wyse soos God dit verwag, want hulle is op reis om Christus te verkondig, en hulle ontvang niks van die heidene nie. Dit is dus óns plig om sulke mense te onderhou, sodat ons daardeur ons deel kan bydra tot die verspreiding van die waarheid.”*

Die skrif het my diep aangeraak en die volgende oggend kon ek dit met Jan Swart deel en besef dat dit my roeping is: **My roeping is om gestuurdes te versorg.**

Ek het die afgelope tyd baie geworstel nadat ek weer by Hoogland se leierskap betrokke geraak het en het baie redes gehad om van Hoogland te kon wegstap. Ek glo egter dat dit nou die seisoen is waarin ek harder as ooit moet trek in die “jeuk” saam met die res van die span om Hoogland die vesting te maak waar gelowiges sowel as ongelowiges wat soekend is na God, kan funksioneer.

Dit is my hart se wens om die kennis en ervaring wat ek en ander van my generasie het, oor te dra na jonger generasies om die toekoms van die Kerk van Christus te verseker.

DIE VOLGENDE



VRYPDAG 28 JUNIE 2019



## SJERRIE, SOP & SKOFFEL

KOM GENIET 'N AAND VAN GENOEG SJERRIE,  
OORGENOEG SOP EN 'N LAATAAND SKOFFEL.

VRYPDAG

JULIE **12** 18:30 VIR 19:00

R100 PER PAAR

EIE VERVERSINGS & DRINKGOED WELKOM  
ELSA KOTZÉ - 082 870 7579



BIED AAN

**HOT  
AUGUST  
NIGHT**

BEST OF NEIL DIAMOND  
MET JOHAN LIEBENBERG

WOENSDAG 28 AUGUSTUS  
19:00 VIR 19:30

## PREEKROOSTER

**2 Junie 2019**

Oggenddiens 08:30

Dr. Neels du Randt

Aanddiens 18:30

Ds. Jeanine Hepburn

**9 Junie 2019**

Oggenddiens 08:30

Ds. Theo Janse van Rensburg

Aanddiens 18:30

Dr. Botha van Aarde

**16 Junie 2019**

Oggenddiens 08:30

Dr. Botha van Aarde

**GEEN AANDDIENS NIE**

**23 Junie 2019**

Oggenddiens 08:30

Ds. Jeanine Hepburn

Aanddiens 18:30

Dr. Botha van Aarde

**30 Junie 2019**

Oggenddiens 08:30

Dr. Neels du Randt

Aanddiens 18:30

Ds. Theo Janse van Rensburg

KAARTJIES BESKIKBAAR BY PETRO HUGHES 072 441 6451

TAFELS: R120 PP / SKOLIERE R80 & GALERY: R100 PP / SKOLIERE R80



# BAIE DANKIE!

Ek dink julle sal saam met my stem, dat ons op die berge kan staan en uitskree oor die reuse sukses van ons truitjieprojek. Op Sondag, 26 Mei 2019 het ons **agthonderd en een (801) artikels** aan Tutela oorhandig! Die sukses van hierdie projek laat ons harte oorloop van dankbaarheid. Die Here het ons ryklik geseën met 'n gemeentelid soos jy. Jy was bereid om jou hart, tyd, geld en liefde in hierdie projek te stort.

## HART & HAND omgee groep BABATRUITJIE PROJEK

Tutela is 'n welsynsorganisasie, wat bestaan uit elf takke en hulle bedien drie kinderhuise onder andere die Abraham Kriel kindershuis. Dink net aan die verskil wat ons maak, in kinders se lewens, wat minder as ons het.

Namens die Hart & Hand omgee groep bid ons die Here se seën oor jou en jou familie. Mag jy Sy liefde daaglik ervaar.

Die naalde begin nou klik-klik vir 2020! Kom ons inspireer mekaar deur voortdurend kontak te hou, ander te motiveer en vir mekaar te bid.

Vir enige navrae kontak  
Sandra Barry 083 391 6380.



**Albert en Viljé Maritz**  
Die seën van pa-en-seun-wees

*Liewe Pa,*  
hier is vir jou 'n brief ...

VIER JOU KIND SE LEWE  
Maak 'n boks vol onthou

**10** blink idees vir **Vadersdag**  
(+ nog 'n paar)

**"Here, vergewe my!"**  
Die genade van sondebelydenis

*Pinkstertyd*  
Wie is Hy, hierdie Heilige Gees?

**Tatoeëermerke**  
"My geloofspad op my lyf"



**Nuwe blaadjie vir 'n ou blaadjie**

*"Bid hard en druk deur!"*

— LEAH

- Hekelwoorde wat heelmaak – Facebookskrywer vertel
- DRIE SKRYWERS DRINK SAAM TEE
- Maretha Maartens, Elsa Winckler, Lizette Murray



"Waar die Gees van die Here is, is daar vryheid." – 2 Korintiërs 3:17b

Die Junie-uitgawe van LiG is beskikbaar en ons fokus op en vier Pinkster. Ons vra: "Wie is Hy, hierdie Heilige Gees?" Lees gerus hierdie Ons verwonder ons oor die genade van sondebelydenis. En skryf 'n spesiale brief aan jong pa's. Ons gee ook blink idees om jou pa met Vadersdag te bederf (selfs al het jy min tyd!).

LiG gesels met Albert en Viljé Maritz oor die seën van pa-en-seun-wees. Ons nooi drie skrywers vir tee – Maretha Maartens, Lizette Murray en Elsa Winckler deel hul wysheid. 'n Skrywer wie se hekelwoorde help heelmaak deel ook haar storie.

Ons voorbladnooi Leah inspireer ons met haar deursettingsvermoë en hardwerkendheid.

Vir sommiges is dit hul geloofspad op hul lyf – ons gesels met mense wat tatoeëermerke laat aanbring.

LiG – propvol goeie raad en praktiese wenke. LiG – vir jou en jou mense. Volg ons op Facebook en Instagram by @ligtydskrif.

## ADVERTENSIES & KENNISGEWINGS

Plaas jou advertensie gratis in Die Boodskapper.  
Stuur advertensies aan ons teen 10:00 op Maandag, 28 Junie 2019.  
Stuur u advertensies na [admin@hooglandfamilie.com](mailto:admin@hooglandfamilie.com)



U word hartlik uitgenooi na  
**TUTELA GESINSORG KEMPTON PARK** se **ALGEMENE JAARVERGADERING**,  
DV op Donderdag 13 JUNIE 2019

Die vergadering sal plaasvind om 18h30 vir 19h00 te  
NG Gemeente Bonaeropark

32 Malpensa Weg, Bonaeropark, Kempton Park

**Spreekers: Mnr Soul Malatji (MES Maatskaplike Hulp Werker)**

Baie dankie dat ons u op kan staatmaak.

Mev. Diane Cilliers

## GROEN VULLISSAKKE TE KOOP

NA AFLOOP VAN DIE OGGENDDIENS BY DIE KOMBUIS.

100 SAKKE PER PAK

BAIE GOEIE KWALITEIT

KOM ONDERSTEUN ONS ASSEBLIEF!

Volgende jaar is Bybelgenootskap van Suid-Afrika 200 jaar. Ons doelwit is om fondse in te samel om 2 miljoen Bybels te versprei!

Bybelgenootskap beplan 'n vlooiemark DV Saterdag 26/10/2019 vanaf 09:00-15:00. Toegang fooi is R5.00 per volwasse, kinders is verniet.

Daar is oop stalletjies beskikbaar teen R200.00 grootte: 4.5 x 2.5m2

Vir enige navrae kontak asb. Melanie Snyman by 011 970 4010 of e-pos: [snyman@biblesociety.co.za](mailto:snyman@biblesociety.co.za)

**bible society of south africa**  
**bybelgenootskap van suid-afrika**

## BEST BRAAI

NAMIBIAN HARDWOOD

## 4KG BRAAI BRIKETTE TE KOOP

na afloop van die oggenddiens by die kombuis.

R35 per sak of R100 vir 3 sakke



Gee hoop. Gee warmte.

**1 - 30 JUNIE 2019**

Jy kan die volgende doen om gedurende die winter 'n verskil te maak:

- Skenk warm **Klere & Skoene**
- Skenk **“Thermal” Onderklere & Sokkies**
- Skenk **Mussies, Handskoene & Serpe**
- Borg 'n **Warm Maaltyd** of **Bed** in 'n **Skouling**
- Skenk 'n **Kombers**
- Skenk **Nie-Bederfbare** Voedsel

Skenkings kan in die Winterhooprekening inbetaal word:  
Winterhoop, ABSA, Spaarrekening, 906 892 5251, takkode 632005  
SNAPSCAN donasies welkom

Besoek die webwerf vir jou naaste afluipunt

[www.winterhoop.org](http://www.winterhoop.org)

Vir meer inligting, skakel 011 725 0001 of stuur 'n e-pos  
na [winterhoop@mes.org.za](mailto:winterhoop@mes.org.za)



Snap here to pay

Volg ons op  @winterhoop  give\_hope\_in\_winter

 SnapScan





# Pinkster in jou huis 2019

## Die Heilige Gees kom woon in ons

### PINKSTER STASIE

Kies in hierdie week 'n prominente plek in die huis om 'n Pinkster stasie te skep, sodat julle gedurig daaraan herinner kan word dat ons besig is met die Heilige Gees. Die dissipels, wat aan die treur was oor Jesus se weggaan, is met die uitstorting van die Heilige Gees vervul met blydskap en kragtig in beweging gebring om die nuus van Jesus se opstanding die hele wêreld in te dra. 'n Mens kan amper sê dat die kerk op hierdie dag gebore is.

Die kleure wat veral op Pinksterdag gebruik word is rooi en goud om die tonge van vuur wat neergedaal het te simboliseer. Dink ook aan kerse, rooi, geel en orange lappe of linte, duiwe, ballonne of 'n bewertjie vir die wind. Julle kan selfs 'n koek bak of die jongeres kan help om kolwyntjies met rooi versiersuiker te versier. Pinksterdag is inderdaad die verjaardag van die kerk!

### INTRO

Vir die Jode was Pinkster die 50ste dag na Paasfees. Dit was onder andere 'n landboufees. Die boere het op die dag die eerste opbrengs van hul oes as 'n offer aan die Here gebring as 'n teken van dankbaarheid maar ook as 'n gebed om seën vir die res van die oes. Pinkster was nie net die viering van die "eerste vrugte" nie, maar die viering dat die insameling van die oes begin het.

Paasfees en Pinkster was egter meer as landboufeeste. Die feeste was deel van die viering van die Groot Storie van God met Israel – die uittog uit Egipte, die deurtog deur die Rooi see. Dan 50 dae later kom hulle by Sinai berg waar hulle die wet van Moses ontvang. Pinkster gaan oor God wat 'n nuwe lewe (die wet) aan sy volk gee om só sy bedoeling met hulle te realiseer. Moses het die berg opgegaan en met die wet teruggekom. Netso, volgens Lukas, het Jesus nou na die hemel opgegaan en kom nou met Pinkster af - nie met die wet op kliptafels nie, maar met die energie van die wet- om op 'n nuwe manier te lewe.

Dit is belangrik om te verstaan dat die wind waarvan daar in Handeling 2 gepraat word, vanuit die hemel kom. Die hele gedagte is dat deur die Gees iets van God se kreatiewe krag "losgelaat" word op aarde om sy werk te doen – in ons en deur ons.

### DIE GEES WAAI WAAR HY WIL

Hierdie huisgeloof pinkster-reeks het die doel om die Heilige Gees opnuut en vars aan kinders voor te stel, met die daaropvolgende doel dat hulle vir die Gees lief raak, en met hom en sy werk bekend raak.

Die fokus van hierdie reeks is om Pinkster te vier, bekend te raak met wat Pinkster is. Hierdie uitgawe van Huisse op die Rots fokus dus op kern teksgedeeltes in die Bybel wat beide die tyd van Pinkster en die persoon van die Heilige Gees tot vore bring, met speletjies en aktiwiteite wat daarby pas.

Pas gerus hierdie reeks aan by jou gesin se eie ritme.

**WOW!**

"The coming of the spirit at Pentecost, in other words, is the complementary fact to the ascension of Jesus into heaven. The risen Jesus in heaven is the presence, in God's sphere, of the first part of 'earth' to be transformed into 'new creation' in which heaven and earth are joined; the pouring out of the spirit on earth is the presence, in our sphere, of the sheer energy of heaven itself. The gift of the spirit is thus the direct result of the ascension of Jesus. Because he is the Lord of all, his energy, the power to be and do something quite new, is available through the spirit to all who call on him, all who follow him, all who trust him."

- NT Wright -

# MAANDAG: KOM ONS BID

## Lees vanaand Handeling 1 saam.

Ons lees in Handeling 1 dat Jesus in die tyd tussen sy opstanding en sy Hemelvaart baie tyd met die dissipels gespandeer het. Hy het met vele tekens getoon dat Hy werklik leef. Hy het oor die sake van die koninkryk van God met hulle gepraat. Die belangrikste was egter dat Hy deur die Heilige Gees vir hulle opdrag gegee het om nie uit Jerusalem weg te gaan nie, maar te bly wag op die Vader se belofte wat hulle van Hom gehoor het.

Hulle sou oor nie baie dae nie deur die Heilige Gees gedoop word, en krag ontvang om Jesus se getuies te wees in Jerusalem, in die hele Judea en Samaria, en tot aan die einde van die aarde. En dit is presies wat hulle toe gaan doen het. Toe Jesus met sy Hemelvaart van hulle weggeneem is, het hulle teruggekeer na Jerusalem – 'n Sabbatsreis ver van die Olyfberg af en in die bovertrek waar hulle gereeld was, bymekaargekom.

Daar het hulle almal eensgesind in gebed volhard saam met die vroue, waaronder Maria, Jesus se ma, sowel as saam met Jesus se broers.

Benewens een groter verkiesingsvergadering – daar was ongeveer 120 mense bymekaar – waar Mattias in die plek van Judas as apostel (apostels en dissipels word in hierdie hoofstuk uitruilbaar gebruik) gekies is, is die enigste ander aktiwiteit waarvan ons lees, dat hulle eensgesind in gebed volhard het.

## Gesels

- Van watter deel van die storie het jy die meeste gehou?
- Watter deel van die storie dink jy is die belangrikste?



## M&M GEBED

### WAT HET JY NODIG?

- 'n Pakkie M&M's (of ander lekkergoed - pas net die kleure aan)
- 'n Houer om die lekkergoed in te sit (verkieslik een waarin die kleure nie gesien kan word nie)
- Die instruksies (druk dit sommer uit)



### WENK...

Moenie die hele pakkie M&M's in die houër gooi nie. Die oefening raak dan te lank

As hierdie vorm van gebed vir julle werk kan julle stelselmatig meer M&M's byvoeg.

### INSTRUKSIES

- Kies vir jou 'n M&M uit die houër uit. Moet hom nie dadelik eet nie!
- Bid nou almal saam volgens jou kleur.

**GROEN:** Sê vir God dankie vir een goeie ding in jou lewe (familie, liefde, gesondheid, vriende)

**BLOU:** Bid vir 'n vriend of iemand wie jy ken wat hulp nodig het.

**ROOI:** Bid vir iemand wie jy liefhet.

**GEEL:** Bid vir 'n leier (onderwyser, skoolhoof, kerk, regering)


**ORANJE:** Bid vir iemand wat siek is of seergekry het en genesing nodig het.

**BRUIN:** Bid vir jouself. Vertel vir God van iets waaroor jy jammer is, iets wat jou pla of iets waarmee jy hulp nodig het.

**AS JULLE KLAAR GEBID HET KAN JY JOU M&M EET!**

# DINSDAG: GOD SE WONDERLIKE GESKENK

Lees vanaand Handeling 2:1-13, 37-47 saam.



LOER BIETJIE HIER...



## The Bible App

FOR KIDS

- **Kleuters & Laerskool Juniors:** Laai die 'Bible for Kids' toep af. Verander die taal na Afrikaans. Lees of luister na "God se Wonderlike Geskenk". Daar is ook 'n oulike aktiwiteit waar die kinders somer op die toep kan inkleur.
- **Laerskool Seniors & Tieners:** Kyk na hierdie uitbeelding van die gebeure in Handeling 2 met die gebruik van skaduwees by <https://www.youtube.com/watch?v=MtTjgmlUtps>

### GESELS SAAM

- Hoe lyk Jesus se koninkryk? Hoe kom dit tot stand?
- Wie is die Heilige Gees vir jou?
- Wat doen die Heilige Gees in jou lewe?
- Waarom kort ons die Heilige Gees?

## BABA EN PEUTER

Babas leer deur genotvolle herhaling en speel, daarom kan jy dieselfde liedjie en seën vir 'n paar weke gebruik

Mag die Here jou laat rustig slaap  
in die donker nag,  
en jou in die stille duisternis  
verseker Hy hou die wag.  
Mag die Here by jou waak aan elke kant,  
Ook in jou donker kamertjie  
Hou Hy jou aan die hand.  
Amen



## WEET JY NIE JY'S 'N TEMPEL

Weet jy nie, weet jy nie, jy's 'n tempel (x3)  
Jy is 'n tempel van die Heilige Gees.

Vol van lof, vol van krag, vol van vreugde  
(x3)

Jy is 'n tempel van die Heilige Gees.

## SLOT & SLEUTEL

### VIR ONSE VOORSKOOLSE MAATJIES

Kry 'n groot slot met sleutel. Maak die slot toe en hou die sleutel uit sig uit. Wys die kinders die slot wat gesluit is. Laat hulle probeer om dit oop te maak deur dit te probeer oop trek sonder die sleutel natuurlik. Hulle kan nie, dis te moeilik en te groot en moeilike werk. Wys hulle dat selfs jy dit nie kan oopmaak nie.

Sê: Jesus het ook vir Sy kerk, ons Sy liggaam op aarde 'n belangrike werk gegee. Die werk is groot. Hy wil hê ons moet in die wêreld vir ander van Hom vertel. Ons moet ander leer van Hom en om na Hom te luister. Sjoë, dis 'n grooooooot werk! Hoe gaan ons al daai dinge kan doen? (Haal slot uit) Die kerk het 'n sleutel nodig. (Sluit slot oop met sleutel) Hoe maklik is dit nie nou om die slot oop te kry nie. Net soos die sleutel die slot oopsluit, het Jesus die Heilige Gees vir ons gegee vir hierdie groot werk. Hy het die Heilige Gees gestuur om in ons te bly en te help. Sonder die Heilige Gees sal ons dit nooit kon doen nie. Wat 'n wonderlike Geskenk!

## DUIWE

### VIR DIE LAERSKOOL SENIORS EN TIENERS

Origami, die kuns van die vou van papier, is maklik om te leer en baie pret. Maak 'n duif of twee vir julle Pinkster stasie. Kyk na hierdie video [How To Fold An Origami Dove](https://www.youtube.com/watch?v=69dWBsoqpeE&feature=youtu.be) hier: <https://www.youtube.com/watch?v=69dWBsoqpeE&feature=youtu.be>

### VIR DIE LAERSKOOL JUNIORS

Maak 'n duif of twee vir julle Pinkster stasie.

Maak 'n duif uit 'n papierbord of kleur die duif op die laaste bladsy in.

Gaan loer gerus ook op die internet of Pinterest vir oulike idees!

**BRING GERUS JULLE DUIWE SAAM OP PINKSTERSONDAG OM DIE KANSEL TE VERSIER!**

# WOENSDAG: DEUR DIE KRAGVELD VAN DIE HEILIGE GEES PAK ONS DIE ONBEKENDE IN GELOOF AAN

Lees vanaand Romeine 8:9-17 & Matteus 28:16-20 saam.

Het jy die Heilige Gees? Paulus wil hier sê dat as jy weet dat Christus jou verlos het en as jy Hom as Here erken, dan is dit 'n bewys dat jy die Gees het. Dit gaan dus nie oor 'n gevoel nie. Jy sou nie in Christus se verlossing geglo het, as jy nie die Gees gehad het nie. Paulus beklemtoon verder dat 'n mens nie kan aanspraak maak op die feit dat jy 'n christen is, maar dat jy jou nie deur die Gees laat lei nie. Wie die Heilige Gees in hom/haar het, moet onder leiding van die Heilige Gees leef - in die kragveld van die Heilige Gees leef. Dit is 'n doelbewuste keuse wat ons elke dag moet maak.

Die Heilige Gees verteenwoordig ook die Drie-enige God in ons lewens. Dit is die manier waarop God by ons is, net soos wat Hy by sy dissipels was. Die gevolg daarvan is dat ons kan uitgaan en dit kan waag om onbevange as kinders van die Here te leef. Ons kan en moet dit waag om in die wêreld van 2019 te gaan om in woord en daad getuies van die Here te wees. Die belofte van Jesus aan sy dissipels in Matteus 28:20 is net so geldig vir ons vandag. Hy is by ons. Daarom kan ons die onbekende in geloof aanpak.

## DIE VRUG VAN DIE GEES IS LIEFDE!



## HINDERNISBAAN

Maak 'n eenvoudige hindernisbaan in julle leefarea of tuin. 'n Vrywilliger word geblinddoek en moet sy pad deur die kamer of tuin vind deur na die stem te luister van iemand wat aanwysings of instruksies gee: draai regs, stop, vat twee tree links, ens. Die een wat geblinddoek is moet mooi luister anders sal hulle val of in dinge vasloop.

Gesels nou oor hoe hierdie aktiwiteit is soos om na die stem van die Heilige Gees te luister. Om die punt verder te illustreer kan julle 'n ander persoon deur die hindernisbaan stuur en die res kan almal saam / gelyktydig aanwysings/ instruksies uitskree. Dit is 'n praktiese les dat dit makliker is om na een stem, eerder as die vele "stemme" wat ons lewens mag beïnvloed, te luister.

## DEEL 'N BIETJIE

Deel jou persoonlike getuienis met jou gesin.

Wanneer ons na die vrug van die Gees kyk, dan sien ons liefde word heel eerste genoem.

Die meeste ouers het hul kinders opreg lief. Tog ervaar sommige kinders dit nie altyd so nie en voel hul lewe lank ongeliefd. Volgens dr. Gary Chapman, mede-outeur van *The Five Love Languages of Children*, is dit omdat ouers nie weet wat hul kinders se liefdestaal is nie. Gevolglik bewys hulle liefde op 'n manier wat die kind nie emosioneel raak nie omdat die kind nie die betrokke liefdestaal verstaan nie. Chapman meen dat ouers hul kinders se primêre liefdestaal moet identifiseer en daarvolgens moet optree ten einde hul kinders se emosionele behoefte aan liefde te vervul. Hy identifiseer vyf liefdestale, waarvan minstens een 'n kind se primêre liefdestaal sal wees. Die vyf liefdestale is opbouende woorde, kwaliteittyd, geskenke, diensbaarheid en fisieke aanraking.

### Hoe kan jy jou kind se primêre liefdestaal identifiseer?

Tot en met die ouderdom van agt jaar kan kinders nog nie werklik hul liefdestaal verbaliseer nie. Om dit te identifiseer, beproef al die liefdestale en let op wat die mees positiewe reaksie uitlok en waaroor hulle uitermate dankbaar is. Nog 'n riglyn is om ag te slaan op wat hulle van jou versoek of van jou verwag. Kyk ook hoe hulle liefde aan ander mense bewys. Om te bepaal wat jou ouer kinders en tieners se liefdestaal is, voltooi die vraelys op <http://www.5lovelanguages.com/> saam met hulle.

# DONDERDAG: DIE KERK STEEK GRENSE OOR

Lees vanaand Handeling 10:1-5, 21-22, 24, 28, 34-35, 44-45 saam.

Die kerk steek hier die godsdiens grens oor na alle kulture. En dit is wat ons hier in Handeling 10 ook sien.

Die eerste grense wat oorgesteek was, was Joodse grense: na die Jode van ander nasies wat in Jerusalem vir die Paas- en Pinksterfees was; na die Joodse Raad; na die Grieksprekende gelowiges wat saam met die Hebreeussprekende gelowiges in een gemeente ingesluit is; na die half-Joodse Samaritane, na die Ethiopiese Jood op pad na sy geboorteland.

Alles dra by tot die groei van die kerk.

Maar tog bly die kerk steeds 'n Joodse verskynsel.

Tot in Handeling 10 met die reuse skuif van die evangelie na heidene, nie-Joodse mense, mense van 'n ander kultuur en 'n ander godsdiens.



## SIMBOLE, RITUELE EN GEBRUIKE MET PINKSTER

Die kerk het tradisioneel lidmate gedoop wat nog nie met Paassondag gereed was nie. Die viering van die verjaardag van die kerk is inderdaad 'n goeie tyd om ook die geestelike geboorte van nuwe Christene te vier!

Vir reeds gedoopte lidmate is dit weer 'n goeie geleentheid om hulle doopbeloftes te hernuwe.

Dit is ook die gebruik dat daar op hierdie dag aalmoese uitgedeel word aan die armes.

Twee hoofstukke in Handeling 10 (10-11) word gewy aan Petrus se kultuur-en veral godsdiens-bekering wat hierdie skuif begin en motiveer en wat ook tot die bekering en grensoorskryding van die kerk lei.

## GESELS

- Hoe het God vir Petrus gebruik? Hoe het Petrus God se werk of leiding in sy lewe gesien?
- Watter vooroordele sien julle in hierdie gedeelte?
- Watter rol speel gasvryheid in hierdie gedeelte?

## RANDOM ACTS OF KINDNESS



Die verkondiging van die evangelie behoort ook gepaard te gaan met konkrete aksie om ongeregtigheid in die wêreld stop te sit.

Die wêreld het Christene nodig wat sterk en aktiewe agente van diepgaande verandering is en bereid is om ewels in die gemeenskap te bestry. Hierdie diepgaande verandering moet eerste by ons kerke begin en dan uitbrei na die buitewêreld.

Prat oor 'n saak waarby julle as gesin betrokke by sou kon raak om ongeregtigheid stop te sit. Maak ook 'n lysie van 'n paar "random acts of kindness" wat julle sommer in die volgende maand kan doen.

## 'N PAAR IDEES

1. Koop 'n koue Coke vir iemand wat jy elke dag sien of verby ry.
2. Neem 'n groot sak hondekos vir die DBV.
3. Koop middagete vir 'n karwag of laai 'n ekstra pakkie koekies in die winkelmandjie vir die werkers by die skool of by die huis.
4. Gooi saadjies of sit 'n waterbakkie uit vir die voëltjies in die tuin.
5. Plant spekbome. (Die res van die wêreld kan doen met meer suurstof.)
6. Neem koekies vir die versorgers in die ouetehuis of by 'n ander organisasie.
7. Skryf positiewe Google reviews vir sake-ondernemings wat jy graag ondersteun.
8. Skryf aan iemand se baas om te vertel van die goeie werk wat hulle doen.
9. Vertel almal van 'n vriend se goeie eienskappe.
10. Google #trashtag en tel al die rommel in 'n area wat julle kies op.

# JUNIOR DUIWE

